Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 16 NOV 2009

Met 'n lied in ons harte en 'n huppel in ons stap gaan ons die laaste paar weke in, omdat ons Heer se genade so groot is. So het die jaar met 'n verbysterende vaart voort gespoed en is ons nou in die laaste pylvak van eksamen skryf en dan lê 'n heerlike, lang vakansie voor. Aan een en almal - sterkte met die laaste skof. 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar word vir u almal toegewens.

EKSAMENREëLINGS

Gedurende die assesseringsweek wat vanaf 19-30 November plaasvind, begin die skool om 08:00 en sluit om 12:00 vir alle leerders. Vanaf 1 tot 4 Desember begin en sluit die skool op die gewone kwartaaltye. (07:25 – 13:25).

Rapporte word op **10 Desember** vanaf **07:30 tot 08:30** by die Snoepie se vierkant uitgedeel. Rapporte wat nie afgehaal word nie, word om **10:00 op 10 Desember gepos**.

Ons doen 'n beroep op ons leerders om hulle asseblief deeglik vir die komende assessering voor te berei.

Ouertoestemmingsbriewe is reeds aan u kind gegee, waarin vermeld word of hy/sy tot 4 Desember by die skool sal wees al dan nie.

Hierdie briewe moet asseblief onverwyld aan u kind se opvoeder teruggestuur word.

Gedurende die assesseringweek word u kind se handboeke ingeneem. Indien u kind se handboek verlore geraak het, moet die handboek by die kantoor betaal word.

Koste van verlore handboeke kan by mev. Manda du Preez gekry word.

Indien die boeke al effens verweer is, kan u dit na Runics (tel. No. 051-5222809) neem om herstel te word teen 'n laer koste as om 'n nuwe boek aan te koop.

SKOOLKALENDER VIR 2010
Vir u inligting gee ons 2009 se kwartale deur:

1. 13 Jan – 26 Maart
2. 12 April – 09 Junie
3. 13 Julie – 23 September
4. 04 Okt – 10 Desember

KENNISGEWING

Die skool heropen op **13 Januarie 2010** om **08:00** vir alle leerders.

FINANSIES:

Ons hartlike dank aan ouers en personeel wat die Algemene Jaarvergadering op 12 November 2009 bygewoon het. U ondersteuning word waardeer. 'n Lys van die nuwe skoolfonds word by hierdie weekbrief aangeheg.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers wie se skoolfonds nog uitstaande is om die skool in hierdie verband te ondersteun en die bedrae uitstaande te betaal en/of bevredigende reëlings te tref voordat die skool sluit. Soos u nou reeds bewus is word agterstallige rekeninge op gereelde basis oorhandig vir invordering. Hierdie is die laaste kans wat u sal kry om die hoë regskostes te vermy. Kontak asseblief die kantoor. Rekeninge word vandag versprei, maak asseblief seker dat u 'n rekening ontvang en stuur asseblief die afskeurstrokie terug aan die kantoor.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

KLEREWINKEL

Graad pakkette kan steeds bestel word nadat die skool gesluit het en wel by René Peens, selnommer : 083 432 7988. Betaling geskied kontant met bestelling by René. Dit sal by die skool afgelewer word op Maandag, 11 Januarie 2010. Die koste daaraan verbonde is R270.00 en het alles in soos vereis deur Graad 1.

By die Klerewinkel is ook enkele Dri-mac baadjies teen 15% korting beskikbaar.

VAKATURE : Ons huidige verkoopsdame in die klerewinkel verhuis Desember wat dus 'n vakature in die klerewinkel laat. Indien u oor ondervinding beskik oor die bedryf van 'n winkel, skoolklere ens, ontvang ons graag u aansoek in die verband. Enige navrae kan gerig word aan Soekie, 051 – 5225951.

Ons wil mev. Martie Botes van harte bedank vir die ywer en entoesiasme waarmee sy die klerewinkel vir ons bedryf het. Ons wens haar en haar gesin baie Seën en voorspoed toe in hul nuwe omgewing.

HUISEIENAARS

Wil u gaag u huis verkoop of stel u belang om 'n ander huis te koop? Ondersteun ons atletiekborge: Kontak Duvenhage en Briedenhann by **051 – 4463913.**

SWEMAFRIGTING

WAAR: Universiteit van VS swembad
TYD: 15:00 – 16:00
DATUM: 12 Nov tot 18 Des (Maandae, Dinsdae en Donderdae)
KOSTE: R150,00
AFRIGTER: San-Marie Neethling

PHILIPPINE INTERNATIONAL MATHEMATICS COMPETITION : 2009

Thinus van Rhijn is nog nie klaar met sy Wiskunde prestasies nie. Hy het reeds verskeie toekennings vir sy Wiskunde prestasies by die Graad 6-7 prysuitdeling ontvang. Hy sou gedurende Junie saam met 3 ander Gr 7 leerders vir die Wêreld Wiskunde Kompetisie na Hong Kong vertrek het, maar dit is weens die Varkgriep afgestel.

Op 27 November vertrek hy na die Filippynse Eilande saam met 3 ander Graad 7 leerders van die Groter Bloemfontein-area. Hulle is op grond van hulle Wiskunde prestasies gekies tot die Bloemfontein Span.

Ons wil hom net die beste toewens met sy vlug na die Filippynse Eilande in die Verre Ooste en vertrou dat hy die Wiskunde baie sal geniet.

Ons skool is baie trots op Thinus met hierdie uitsonderlike prestasie.

NUUS UIT DIE SNOEPIE

Graag wil ek hiermee net 'n groot woord van dank en waardering uitspreek aan al ons ouers, leerders en opvoeders vir u getroue ondersteuning gedurende die afgelope jaar. 'n Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar word u toegewens. Petro Benade

- **BELANGRIKE KENNISGEWING**

Hiermee doen ons 'n ernstige beroep op ons ouers om asseblief nie gedurende die eksamens tussen 08:00 en 12:00 dokters-afsprake vir u kind te maak nie, aangesien hy/sy skoolpligtig is tot 12:00. Indien u 'n kind by ons Hoërskool het, tref asseblief u reisreëlings sodat dit nie nodig sal wees om u laerskoolkind voor 12:00 te kom afhaal nie.

LAASTE NUUS UIT DIE KOEIKAMP

Die volgende artikels is nog by juf. Carina te koop: U kan oulike geskenkies by haar kom koop vir nie baie geld nie.

Selfoonsakkie – R10; Koeibekers – R15; Skêr – R15; Pennesakkie – R40; JF Balkie – R35; Stres balletjie – R10; Opvoedkundige speelding – R20; Pen/potlood – R6; Koeimaskers – R2; Magnete – R10; Koeiplakkers – R10; Charms – R3; Koeisleutelhouer – R30; Waterbottel – R15.